

DIE KAAPSE ORKES.

OORSIG VAN WERKSAAMHEDE.

Die maand April wys die end van 'n orkestrale jaar. Dit is weer 'n boekdeel klaargespeel. Die afgelope jaar het baie veranderinge gebring wat ook as verbeteringe kan beskou word. Die veranderinge het grotendeels ontstaan deur die toetree van die dirigent mnr. Leslie Heward. Die Bestuur van die Publisiteitsvereniging het uitgekyk na 'n persoon wat nie net werk terwille van die Kuns nie, maar ook sou trag om die inkomste te vermeerder. Want 'n mens kan tog maar min doen as daar nie geld is nie. Die Bestuur het gelukkig geslaag en het gevind wat verlang word: 'n baie flukse, jong kèrel, met baie geesdrif en werkkrag het hy die dirigeerplaas ingeneem, tot voldoening van al die betrokke persone. In hoever mnr. Heward geslaag het om die musikale stand van sake in die Kaap op te bou, sal ons kan verklaar as ons die oorsig lees van die verrigtinge van die elfde jaar van die bestaan van die Kaapse Orkes.

Met die begin van die laaste Orkesjaar het strenge maatreëls aangewend moet word om die uitgawe te besuig. Die nuwe dirigent is aangeneem geword op 'n baie minder salaris as wat die voorganger geniet het. Dan was die aantal Orkeslede verminder tot op die uiterste; en die werk wat hulle gedoen het, was ook die uiterste. Die Bestuur kan die Orkeslede nie dankbaar genoeg wees vir al die opofferings wat hulle vir hulle getroos het nie. Waar ter wêreld vind 'n mens 'n orkes van so 'n klein besetting as die Kaapse wat alle soorte van musiek uitvoer? Aanvanklik is die Orkes opgerig vir die klassieke konserte en die konserte op die Wandelhoof. In die elf jare het daarin geen verandering gekom nie; die intekenare gaan nog na die klassieke konserte, en die mense wat lief is vir konserte in die ope lug, gaan na die Wandelhoof. Maar daar het in dié jare baie werk bygekóm. In die eerste plaas moet genoem word die Saterdagakonserte, wat nou so baie populêr geword het; dan was daar die voormiddagkonserte op Maandag, met 'n geleentheid om te dans daarna. Die voorstede word gereeld besoek: in die somer: Seepunt, Rosebank en Muizenberg; in die winter: Wynberg, Rondebosch en Soutrivier. En vir ieder konsert is daar 'n aparte styl musiek nodig. Daar moet ook tyd wees om oefening te hou in die môre-ure. Maar dis nog nie alles nie. Die lede van die Orkes is verplig om musiek te verskaf vir die Uitsaaistatie; dis 'n deel van hul kontrak. Die Uitsaaistatie is hoofsaaklik opgerig om die kas van die Kaapse Orkes te steun, daar die Orkes gedreig geword is met ondergang deur gebrek aan fondse.

Die omvang van die werk is baie groot—te groot vir een liggaam om dit te behartig. In een week moet die hele leer open afgeklím word. Donderdag kry ons van die boonste sportjie, en die ander dae gaan dit maar fel af. Nie aan al die sportjies kan dieselfde kraginspanning gegee word nie, en ons is baie jammer om te moet sê dat die boonste sportjie nie na waarde behandel word nie, ondanks die medewerking op dié aande van ekstra spelers. Tog het ons baie goeie en ook nuwe werke gehoor. Beethoven se simfonieë is almal uitgevoer—nie in kronologiese volg-

MUSIEK.

Deur Joh. Luijt.

orde nie, maar elkeen het 'n beurt gekry. Die „Negende” (laaste) is in sy geheel uitgevoer, met slotkoor, waarin die vrouekoor van die Kollege vir Musiek, die Kambriaanse Mannekoor en 'n solokwartet meegewerk het. Bach se Brandenburg-concerto's het 'n ereplaas in die programmas geneem; Brahms se simfonieë (vier in getal) is gespeel, asook dié van Schubert, Mozart, César Franck, Borodien, Tsjaikovskie, Glazounof. Van die werke van Wagner is altyd baie gespeel; en nog, niestaaende die nuwe komponiste wat na hom verskyn het, oefen dié naam altyd 'n aantrekkingskrag



Mej. Lotta van Buren, 'n vooraanstaande Amerikaanse pianiste, voor die piano van Ludwig van Beethoven, die beroemde toonsetter. Mej. Van Buren besit 'n seldsame versameling van ou musiekinstrumente. Ons sien haar hier in 'n kostuum van die tydperk van Lodewyk XVI.

(Foto Frankl.)

op die publiek uit. Wagner se musiek is nog net so mooi as dertig jaar gelede, toe daar nog geen Richard Strauss, Tsjaikovskie of Strawinskíe was nie. Die afgelope jaar het ons maar min nuwe werke gebring wat betekenis gehad het. Die kennismaking met die simfoniese gedig *Le Bourgeois Gentilhomme*, deur Richard Strauss op musiek gesit na die toneelspel van Molière, het die meeste aandag getrek. Van Engeland was die vernaamste nuwe komposisie *A London Symphony*, deur Vaughan-Williams. Dié komponis is mooi op weg om na Elgar die mees populêre te word. Oor die geheel het Engeland goed verteenwoordig geword; Duitsland ook goed, Rusland baie goed, dog Frankryk het nie baie kans gekry nie. Die publiek wil afwisseling hê, en kry dit maar min. Daar moet baie meer

soliste optree. Maar daar steek die geld-duiweltjie se kop om die hoek om te sê: „As hulle wil speel, sal ek regtig bly wees, maar geld het ons nie.” Die Saterdag- of „Pop”-konserte, soos hulle genoem word, het 'n reusesukses gewees. Mnr. Heward het die regte toon getref om baie mense te trek en te vermaak. Bykans elke Saterdag-aand is daar 'n baie knap-uitgedagte aankondiging wat vir die ou musiek 'n nuwe aankleedsel gee. Nooit lyk dit dieselfde programma nie; altyd is daar afwisseling, en altyd tree soliste op; en hulle is seker van 'n baie dankbare gehoor. In afwisseling sit die geheim van sukses. En op die „Pop”-konserte is Leslie Heward in sy element; hy hou van die publiek, omdat hulle vir hulle so dankbaar toon; en die publiek hou van hom, want „hy kan tog so baie grappies maak.”

Ons was regtig jammer dat die reeks konserte vir Stellenbosch die laaste jaar verval het. Die inwoners het dit baie betreur. Om 'n orkes te laat uitkom om konserte te gee, is 'n groot onderneming. Daar behoort 'n botte vasberadenheid toe om die moeilikhede wat hulle partykeer voordoën, te oorkom. As daar nie 'n vereniging is wat al die geldelike kwessies vereffen nie, dan is goeie wil alleen nie genoeg nie. Die Pêrel is op dié punt gelukkiger: die Musiekvereniging is in die geleentheid om baie musiekaande met die Kaapse Orkes en goeie soliste te gee. Maar Die Pêrel het nie 'n konserwatorium en 'n koorvereniging soos Stellenbosch wat konserte met eie kragte kan gee nie.

Die Bestuur van die Kaapse Skiereiland se Publisiteitsvereniging het gerapporteer dat op 31 Desember 1924 die inkomste en die uitgawes van die Kaapse Orkes 'n geakkumuleerde tekort toon van £3,027 11s. 11d. Van hierdie bedrag was die som £1,866 8s. 7d. oorgebring van 1922 en 1923; die tekort vir die jaar 1924 bedra £1,161 3s. 4d. Pogings word aangewend om deur uitsaaikonserte en ander middels die tekort te dek. Die Bestuur betuig hul waardering vir die dienste van mnr. Leslie Heward, wat verlede jaar op 17 Julie die dirigeerstoel oorgeneem het en aan die hoë verwagtinge voldoen het. Die inkomste van die konserte het vooruitgang getoon by vorige jare. Baie suidoostewind word as oorsaak gegee dat die Wandelhoof se konserte so min opgebring het. Belangrike besparings het toegepas geword, en die Bestuur is oortuig dat, met 'n goed-betallende kunsreis, die Orkes grond gaan voel wat die finansies betref.

Die musikale toestand in Suid-Afrika kan baie verbeter word as die Munisipaliteit maar beter wil help. Met swaar geveg word elke jaar 'n sommetjie afgesonder, en dan dink die Stadsraad hulle is nou daarmee klaar. Maar die sommetjie is baie min as 'n mens dit gaan vergelyk met die som wat ander stede in Europa van gemeenteweë kry. Kuns word nog te baie as 'n weeldeartikkel beskou en nie as 'n noodsaaklikheid nie.

Dame aan die moterbuskondukteur: „Hoe is dit moontlik dat jy met die vreeslike geskud nog notas in jou boekie kan maak?”

Kondukteur: „Ja, Mevrouw, ek is so gewend daaraan dat as ek 'n brief by die huis wil skryf, moet die kinders altyd die tafel wikkel en rondskuif.”